Wapendraer Toerusting – 1/ 2019

(Aanhaling uit "die Groot Gebede Boek" – deur Piet Naudé)
Vandag kan ek sê: Gebed is 'n gesprek, selfs 'n stilgesprek met God. Dit spruit eerstens uit 'n lewende verhouding met God.

Natuurlik praat Hy altyd eerste – ons het Hom immers nie eerste opgesoek nie. Gebed is dus 'n tweede woord op God se eerste Woord. Dit is daarom gepas dat gebed in die Heidelbergse Kategismus nie by sonde of selfs verlossing behandel word nie, maar by die derde deel: dankbaarheid.
Gebed is vir Christene byna onafwendbaar, want dit is die vernaamste deel van ons dankbaar-wees voor God. Dit is onmoontlik om – as jy God se genadewoorde hoor en aanvaar – nie daarop te antwoord nie. Genade is 'n salwing van die lippe, soos by die profete van ouds. "Dit is onmmontlik," sê die apostels, "om stil te bly oor dit wat ons gesien en gehoor het."

Gebed is ook 'n gesprek in 'n vrymoedige verhouding met God. Hierdie moed spruit nie uit ons vermoë om te formuleer of selfs uit teologiese insig nie. Dit is die vrye moed van iemand wat weet dat sy of haar gebede deur Christus verdien is en deur die gees gesuiwer word. 'n Mens kan daarom met moed bid as jy in Christus se Naam bid. "En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen." (Joh. 14: 13 – 14) "En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee. Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees." (Joh 16: 23 -24)

En as jy onthou dat die Gees ons gebedsvennoot is. Waar ons stamel en prewelm, pleit die Gees namens ons voor God "met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie" (vgl rom. 8; 26) gebed is 'n gesprek in 'n oop verhouding met God.

Ons speel maar almal toneel. "All the world's a stage," sê Shakespeare tereg. Ons vervul verskillende roll in die samelewing. Selfs Christene dra maskers – juis van die godsdienstige soort. Ons probeer hard om ordentlk te wees. En êrens tussen hierdie rolle is die ware 'ek' weggesteek.

Maar op jou nieë is daar die bevryding om eerlik en oop jouself te kan wees, want jy weet voor wie jy staan. "Here, U kan my" hoor ons in Psalm 139. Voordat ek dink of praat of ry, weet U dit al. Al my paaie – sleg en goed – is in elk geval aan U bekend. Daarom, Here, ondersoek my en toets my. Ek is nakend vor u oë, dabjue dat ej vur Y jab sê wat ek dink, dat ek voor U die onuuitspreeklike kan spreek.
En kan luister wat U sê.

Want gebed is ook dialoog en selfs stilte is nie woordloos nie.

Ons mag 'n vrygewige God dien:

- God gee 'n reënboog aan 'n bedremmelde Noagfamilie en 'n verspoelde aarde.
- God gee 'n kind aan die heeltemal te oue Abram en Sarai.
- God gee 'n hoë posisie in Egipte aan 'n arrogante tronkvoël – Josef.
- God gee 'n nuwe land aan moeë en halstarrige woestynswerwers.
- God gee ekonomiese en lilitêre voorspoed aan 'n owerspelige moordenaar – Dawid.
- God gee helder profetestemme aan 'n weerbarstige tienstammeryk.
- God gee Jerusalem terug aan 'n onverdiestelike wêreld – in Betlehem.
- God gee Sy Gees aan die kerk op Pinksterdag.